



eduresourceza.com



St Mary's School
Waverley
Founded 1888

Voorbereidende eksamen

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

VRAESTEL II

Dinsdag 5 September 2023

Vorm V

Punte : 100

Tyd : 2 ½ h

Eksaminatore: B Fourie-Van der Watt, M Jacobs & E van Zyl

Moderatore : B Fourie-Van der Watt, M Jacobs & E van Zyl

Rating Scale:

Rating Code	Description of Competence	Marks (%)
7	Outstanding	80 - 100
6	Meritorious	70 – 79
5	Substantial	60 – 69
4	Adequate	50 – 59
3	Moderate	40 – 49
2	Elementary	30 – 39
1	Not achieved	0 – 29

Instruksies:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **14 bladsye**. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
2. Skryf **SLEGS** jou **eksamennommer** op die voorblad van jou antwoordboek.
3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

Afdeling A	Prosa: <i>Donker Web</i> – Fanie Viljoen	70
Afdeling B	Transaksionele Skryfwerk	30

4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.**
 6. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-


AFDELING A PROSA

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. **Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.** Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.
3. **BEPLANNING** (*Vir paragraaf en opstel*)
 - 3.1 Dit is 'n goeie idee om die **opstel** / **paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf.
 - (a) Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word **nié bepunt nie** – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
 - 3.2 Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag.
 - 3.3 Skryf die getal woorde aan die einde van elke langer vraag neer.

Donker Web – Fanie Viljoen

Daar is vier vrae oor **Donker Web**. Beantwoord al vier hierdie vrae.



[BRON: Tafelberg 2022]

VRAAG 1

TEMA VAN VRAAG: **Karakters uit Greg se verlede.**

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord die vrae.

“Alles wat nou voor jou lê, Greg, was nie vir jou broer beskore nie.”
Soos gisteraand stuit haar woorde my. “Ek sal die swottings vir ons albei doen, Ma.”
“Ek praat nie net van universiteit nie, Greg.” Haar oë rus swaar op my. “Jy gaan die paaie loop waarby jou broer nie kon uitkom nie. Hoe bitter gelukkig vir jou. Hoe bitter jammer vir hom.”
Binne my wel die hartseer onverwags op. Waar is daardie bulletproof baadjie wanneer jy hom nodig het? Ek kyk weg, want dis steeds moeilik om my emosies voor mense te wys.

[bl. 17-18]

- 1.1 Wat is Greg se broer se naam? (1)
- 1.2 Hoe is Greg se broer oorlede? (1)

1.3 Greg het baie herinneringe aan sy broer. Noem **twee** positiewe herinneringe. (2)

1.4 Greg kry sy ma jammer omdat sy alleen in Johannesburg is.

1.4.1 Gee twee redes hoekom sy alleen is? (2)

1.4.2 Watter bewys is daar later dat Greg se ma aanbeweeg het en nie eintlik vir Chris Owen mis nie? (1)

Toe ek die kar later in die rigting van die snelweg draai, laat ek die ruit opgly, stel die aircon en skuif gemaklik in die sitplek. Stellenbosch, hier kom ek!

[bl. 18]

1.5 Wat gaan Greg in Stellenbosch studeer? (1)

1.6 Watter karakter uit Greg se verlede verwelkom hom in Stellenbosch? (1)

Maar die Baker ... Die een wat weggekom het. Wie is hy? Waar is hy? Wat doen hy nou?

Dis wat ek gaan uitvind.

[bl.39]

1.7 Greg besluit in Stellenbosch om die Baker te begin soek.

1.7.1 Wat was die Baker se funksie in Project Nursery Rhyme? (1)

1.7.2 Hoe help hierdie inligting vir Greg om te bepaal na wie hy moet soek? (1)

1.8 Greg dink dat dr. Rian Trollip moontlik die Baker kan wees.

1.8.1 Hoekom is dr. Trollip 'n verdagte? (1)

1.8.2 Hoe het dr. Trollip in die tronk beland, en wat het daar met hom gebeur? (2)

1.9 'n Ontstellende gebeurtenis vind in Stellenbosch plaas toe 'n lyk in die Eersterivier gevind word. Wie is die persoon wat vermoor is? (1)

[15]

VRAAG 2

2.1 Die komplekse verhouding tussen Greg Owen en Xander Gericke.

Greg en Xander sukkel om mekaar te vertrou.

Skryf 'n paragraaf van tussen 80 – 120 woorde oor die komplekse verhouding tussen Greg Owen en Xander Gericke.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende aspekte aandag gee:

Die komplekse verhouding tussen Greg en Xander	1.	Op Stellenbosch sien Greg 'n granietbankie. Dis 'n kunswerk van Willem Boshoff. Wat is die titel van die kunswerk, en waarom herinner dit Greg aan Xander?	(2)
	2.	Greg wil Xander vra om hom te help om die Baker te vind. Wat motiveer hom om 'n "deal met die duiwel (te) maak"?	(1)
	3.	Xander stuur vir Greg 'n transponder. Wat moet Greg daarmee doen, en wat is Xander se ultimatum oor die transponder?	(2)
	4.	Greg bewys verskeie kere dat Xander hom nie kan vertrou nie. Gee twee voorbeelde waar Greg Xander se vertrouwe breek.	(2)
	5.	Op die Rialto-brug in Venesië vra Xander vir Greg om verskoning. Waaroor voel hy sleg?	(1)

2.2 Die slang is 'n belangrike simbool in die roman, *Donker Web*.

2.2.1 Kies die korrekte woord / frase tussen hakies en skryf dit neer:

In hierdie verhaal is die slang simbolies van **(die goeie, die onbekende, sonde, verlies, die bose, wantroue, donkerte)**. (1)

2.2.2 Greg en Xander ontmoet mekaar in Istanboel, in die Basilica Cistern. By watter vroue-beeld uit die Griekse mitologie sien hulle mekaar weer? (1)

2.2.3 In Venesië dink Greg aan die drie mans van Project Nursery Rhyme as “slangkoppe”. Wat het nou, volgens oom Dirk, met twee van die drie “slangkoppe” gebeur? (2)

2.2.4 **Wie** sê die volgende woorde vir Xander-hulle, en **waar** is Xander-hulle wanneer die persoon hierdie woorde sê?

“En kap jy een slang se kop af, groei daar twee in sy plek. Dis die skoonheid van chaos.” (2)

2.2.5 Na watter landmerk in Venesië verwys Greg ook as ‘n “slang”? (1)

[15]

VRAAG 3

Greg is terug in Suid-Afrika. Hy gesels met sy ma oor **die gebeure in Florence en Venesië**.

Voltooi die volgende dialoog tussen **Greg** en **sy ma**. Skryf slegs die **vraagnommer en Greg se woorde** in jou **antwoordboek** neer.

3.1 Ma : Dis so lekker om jou weer te sien, Greg. Ek was so bekommerd oor jou. Wat het jy vir my saamgebring van Istanboel af?

Greg : ... (1)

3.2 Ma : Jy sê dat dit Xander se besluit was om vir Plank in Istanboel te los. Wat het Plank gedoen dat Xander hom nie vertrou het nie.

Greg : ... (noem twee dinge) (2)

3.3 Ma : Ek hoor jy en Xander het baie baklei in Florence en Venesië. Waaroor het julle baklei?

Greg : ... (noem twee dinge) (2)

3.4 Ma : Oom Dirk moes jou huis toe bring. Wat het hom laat besluit om saam met julle in Italië agter te bly?

Greg : ... (1)

3.5 Ma : Wat op aarde het jou laat dink dat my kêrel, André Symington, moontlik die Baker kon wees?

Greg : ... (1)

3.6 Ma : Hoe het julle die Baker se identiteit uiteindelik uitgevind, en hoe het oom Dirk julle daarmee gehelp?

Greg : ... (2)

3.7 Ma : So wie was dit toe wat vir jou daardie gebrande boek gestuur het? Hoekom, dink jy, het hierdie persoon dit gedoen?

Greg : ... (2)

3.8 Ma : Hoe het dit gebeur dat julle na al die drama so maklik kon terugkom Suid-Afrika toe? Wie het julle daarmee gehelp?

Greg : ... (1)

3.9 Ma : So wat het intussen van Xander geword? Weet jy waar hy is?

Greg : ... (1)

3.10 Ma : Sien jy, ek het jou mos gesê. Kan jy onthou watter raad ek vir jou gegee het toe jy destyds na jou pa se hofsaak wou wraak neem?

Greg : Ja, ma het gesê: “ ... “ (1)

3.11 Ma : Daar is nog een ding wat my pla. Hoekom het die joernaliste eers gedink dat dit jy is wat in Venesië dood is, Greg?

Greg : ... (1)

[15]

VRAAG 4

Drie van die hoofkarakters, Greg, Xander en Sebastian Stadler, se pa's het 'n belangrike rol in hul lewens gespeel.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van **250 tot 360 woorde** oor **Die rol van 'n pa-figuur in die lewens van die hoofkarakters**.

- Gebruik die pyltjies en die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings-** en **slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Inleiding



1. Greg se pa

- Watter een van sy seuns was Chris Owen se gunsteling, en hoe weet Greg dit? (2)
- Noem twee voorbeelde waar Greg se pa hom teleurgestel het. (2)
- Noem een negatiewe impak wat Chris Owen se slegte reputasie en tronkstraf op Greg se lewe het. (1)
- Greg voel skuldig omdat sy pa in die tronk is. Hoe beplan hy om sy pa te help? (1)
- Hoe weet ons dat Greg sy pa aan die einde vergewe het en 'n beter verhouding met hom wil hê? (1)



2. Xander se pa

- Wie was Xander se pa? Hoe het Xander as klein seuntjie oor sy pa gevoel? (2)
- Verduidelik wat met sy pa gebeur het toe Xander 12 jaar oud was. Hoekom het dit met sy pa gebeur? (2)
- Xander is getraumatiseer. Wat gebeur met hom elke keer as hy oor sy pa se verdwyning praat? (1)
- Wat doen Xander in die Koninklike Tuine in Venesië om geregtigheid vir sy pa te kry? Hoe voel hy later daaroor? (2)



3. Sebastian Stadler se pa

- Waar het Sebastian Stadler grootgeword? (1)
- Noem twee negatiewe dinge wat Stadler by sy pa geleer het. (2)
- Gee twee voorbeelde waar Stadler sy pa se voorbeeld gevolg en immoreel opgetree het. (2)
- Watter verskoning gee Stadler hoekom hy die regter op so 'n wrede manier doodgemaak het? (1)



Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

[25]

70 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning van jou vraag op die bladsy aan die linkerkant.
5. Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
6. Skryf jou finale antwoord op die regterkantse bladsy van die Antwoordboek.
7. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord.
8. Skryf die **getal woorde** aan die einde van elke vraag.

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik

VRAAG 5 Dialoog



Situasie:

Jy is in matriek. Jou vriend het jou genooi na sy/haar matriekafskeid in September. Jou ouers wil nie hê jy moet gaan nie, want jy skryf die voorbereidende eksamen in Augustus en September.

Opdrag:

Skryf 'n **dialoog** waarin jy jou ma/jou pa probeer oorreed om jou na die matriekafskeid te laat gaan. Jy moet op die volgende aspekte fokus:

- Gee vir jou ma/pa **inligting** oor die matriekafskeid in September.
- Verduidelik vir jou ma/pa **waarom** jy wil gaan.
- Vertel vir jou ma/pa **hoe jy beplan om nog steeds te studeer** vir jou eksamen.

Instruksies:

1. Skryf die gesprek tussen jou en jou ma / pa in 'n **dialoog** van **150 - 220 woorde**.
2. Gebruik die volgende formaat:

Ek :

Ma / Pa :

Ek :

[20]

VRAAG 6 Privaat Instagram-boodskap

Situasie:

Jy sien 'n plasing (*post*) van 'n vriendin op Instagram. Sy was twee jaar gelede in St Mary's, maar toe het haar ouers Kaapstad toe getrek. Jy mis haar en besluit om vir haar 'n privaat boodskap op Instagram te stuur.

Opdrag:


Jy onthou dat julle vriende geword het omdat julle albei lief is vir goeie films en TV-programme. Jy besluit om haar te vertel van 'n **wonderlike film / TV-program** wat jy hierdie jaar gekyk het.

Skryf nou 'n Instagram-boodskap aan jou vriendin. In jou boodskap moet jy oor die volgende skryf:

- Die **titel** van die film / TV-program en die tipe **genre**, byvoorbeeld fantasie
- Die belangrike **karakters** en die basiese storielyn
- Die **akteur / aktrise** van wie jy baie gehou het en hoekom
- Die **rede** waarom die film / TV-program 'n goot impak op jou gemaak het

Instruksies:

- Jy kan een of twee paragrawe gebruik
- Die inhoud van jou boodskap moet **tussen 60 en 120 woorde** wees.
- Skryf die totale aantal woorde onderaan jou boodskap neer.



[10]

30 punte

TOTAAL VIR VRAESTEL: 100 PUNTE